

SONDAG 26 Jan 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
AANDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
MG	Lof-en-aanbidding	“Die gemeente bring aan U die lof” “Hosanna” “I keep falling in love with Him” LB205:1-3 “Bring lof aan die Vader” LB471 (2x) “Soek allereers die koninkryk” (kanon) “Holy Spirit, thou art welcome” JR15 (3x) “Eer aan god die Vader”	diegemeen hosanna ikeep / falling LB205:1-3 LB471 (2x) welcome (3x) JR15 (3x)
	Gebed		
Liturg	Skriflesing	2 Tim 3:14-17	Skrif
Liturg	Preek	Bespreking: Ope brief aan God.	Skrif
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe		
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Liedere	“Kom o Skeppergees”	skepper
	Seën		

Besprekingsdiens: aktueel

1. INLEIDING:

Transpirant 1



Brief aan God of aan die kerk?

Alhoewel die brief geadresseer word aan God, is dit duidelik 'n brief aan die kerk - meer direk, die Afrikaanse kerke in Suid Afrika.

Die feit dat die brief verskyn in dieselfde week waarin die GKSA in Potchefstroom vergader en besluite neem oor die vrou in die amp ens, laat 'n mens wonder of die lewer dalk skryf vanuit die frustrasies van hierdie nasionale sinode. Dis egter duidelik dat die skrywer op een af ander wyse in die verlede teleurstelling in die kerk beleef het.

Die brief is bedoel as 'n aanklag teen die kerk wat in baie opsigte ligitiem is, maar in die meeste gevalle baie eensydig en selfs onbillik is. Ongelukkig dui die skrywer nie aan wat sy definisie van "kerk" is nie, en hoe hy die ideale "kerk" visualiseer nie.

2. DIE BYBEL

Transpirant 2:

“In die stigtingsjare van die kerk is geskrifte van feilbare mense planmatig geselekteer en waarskynlik in baie opsigte vervals. Die dokumente is saamgevoeg in 'Die Bybel' en is voorgehou as synde geïnspireer te wees deur U Gees....”

“Hierin word U aanvanklik uitgebeeld as die God van Israel wat met Sy volk speel en mors na willekeur om u siek ego te streel.”

Hoe het die Bybel regtig ontstaan? (Proses van kanonvorming?)

Waar begin die prose van Bybel skryf?

God self gee die opdrag:

Eks 17:14 “Skrywe hierdie woorde op in ‘n boek as ‘n blywende herinnering..”

Baie vroeg reeds dele van die Bybel geskryf. (Reeds voor die intog in Kaanaan)

Tydens Salomo se regering: opbloei in letterkunde

Groot literêre geskrifte kom tot stand in Salomo se tyd.

Tot nou:

Oer-oue patriargale geskiedenis uit die tyd voordat die land ingeneem is.

Ou liedere soos die lied van Lameg (Gen 4:23-24), lied van Mirjam (Eks 15) ens..

Oudste wette en verbonde van volk Israel (2 Kon 23:21)

Kort rigterslyste (Rigt 10:1-5, 12:7-15) - kom tot stand in rigterstyd

Tydens Dawid se regering:

Omvangryke oorlogsgeskiedenis word geskryf.

Geskiedenis van verbondsark.

Geskiedenis van Saul.

Baie van die Psalms.

Salomo: 2 skrywers in diens.

Taak: teken sorgvuldig die annale van die koning en sy huis op.

Spreekte ontstaan in die tyd.

In die tyd van Josia is hierdie “Wetboek” weer opgegrawe.

Sorgvuldig nagegaan.

Na Josia baie wynig hieraan verander.

Voorgehou as norm aan die volk.

Hierna volg die profete-tyd.

Eerste profeet wat lewe en werk in eie boek neerskryf: Amos

Esra & Nehemia stel uitgebreide verslae op.

100jaar later verwerk die redakteurs dit - so bewaar tot vandag.

In hierdie tyd word die Pentateug afgesluit...

...na jare en jare se oordenking

...redaksionele wysigings

Dit staan bekend as die Tora

Hierdie Tora by elke sinagoge.

In die jaar 90 word die OT-kanon afgesluit.

NUWE TESTAMENT

Oudste geskrifte: Pauliniese briewe

Begin +-50 nC

Oudste: Tess

Daarna: Galasiërs

Deur vroeë kerk as gesaghebbend aanvaar.

Eerste Evangelie (Markus) ontstaan ongeveer in 70nC

Net na 100 is werk van NT afgesluit.

Op hierdie stadium gebruik die jong gemeentes reeds die Ou-Testamentiese geskrifte:

Wetboeke

Historiese geskrifte

Profete

Jesus self maak gebruik van die “Wet en die Profete”

Die Apostels haal aan uit hierdie geskrifte.

Christengemeentes bestudeer dit.

FINALISERING

Origenes

Eusebeus (314 biskop van Caesarea)

Biskop Athanasius (Alexandrië): kanon van 27 geskrifte in Paasfees brief.

Sinode in Rome (382): Pous Damascus lê kanon vas.

Amper 200 jaar lank besluit oor watter boeke in Kanon moet kom en watter nie.

Twee verskillende prosesse: grieks en Latyd - kom by dieselfde punt uit.

Van toe af deur hele Christelike kerk aanvaar.

KONKLUSIE

Die skrywer van die artikel se klag is dus nie ‘n klag teen die kerke in Suid-Afrika nie.

Dis ‘n klag teen Moses, Dawid, Salomo. Amos, Jesaja.

Dis ‘n klag teen Paulus en die Evangelieskrywers.

Dis ‘n klag teen Origenes, Athanasius, pous Damascus...

Dis ‘n klag teen die totale Christelike kerk oor 2000 jaar.

3. BELYDENISSKRIFTE

Transpirant 3:

“Die kerk het meer as 400 jaar gelede belydenisskrifte saamgestel wat die algemene leer van die kerk verteenwoordig. Dit is gedoen deur mense wat nog onder die skok gesidder het van bewerings dat die aarde rond is en nie die middelpunt van u skepping vorm nie. Die grondslag van die leer is dat ons, u skepsels, so sondig, vuil en onvolmaak is dat ons vir ewig verdoem is tensy ons deur die aanvaarding van hierdie kerklike leer bevry word.. Die gevolg hiervan is dat die mensdom die afgelope 20 eeue verdoem is tot die grootste minderwaardigheid.”

Belydenisskrifte: verteenwoordig nie algemene leer van die kerk nie.

‘N Belydenisskrif is ‘n “kernagtige, geskrewe, amptelike weergawe van wat die kerk, **op grond van die Bybel**, glo.” (Glo en bely, p74)

Wat is 'n belydenisskrif?

Dokument wat kerk/kerke opstel om te sê hoe verstaan hulle die Bybel.

Letterlik 'n "Opsomming" van die Bybel.

En indien 'n mens ontdek dat iets daarin verkeerd is, kan dit gewysig word.

Want dit is altyd ondergeskik aan die Bybel.

Dit is menslike geskrifte - one bely dit self.

Daarom leer ons vir al ons katkisante (Glo en bely p75):

Belydenisskrifte is...

- Ondergeskik aan die Bybel
- Feilbaar
- Afgeleide gesag

Indien daar iets verkeerd in die Belydenisskrifte is, kan die leser op enige stadium 'n beskrywingspunt aan die betrokke kerke of kerkvergaderings stuur.

Maar dan moet hy uit die Bybel kan wys dat dit verkeerd is.

Ons bron is die Bybel.

Nie die skrywer se persoonlike sentimente ens.

OOR DIE TWEDE PUNT

Dit is nie die kerk wat besluit het dat die mens vuil en verlore en verdoem is nie.

Dit is die boodskap van die Bybel:

Dawid (Psalm 51)

Paulus (Rom 7:24)

Johannes (Joh 1:8)

Miskien is dit die skrywer se grootste probleem:

Want as die mens regtig verlore is sonder God, dan het ook hierdie skrywer vir God nodig.

Daarom is hierdie waarheid vir hom so sensitief.

Want dit beteken dat hy self verlore is tensy hy hierdie "onverstaanbare God" aanneem.

Dis nie die "kerklike leer" wat 'n mens "bevry" nie.

Dis God self.

Dit is Jesus self.

Die kerk verkondig dit net.

4. MISDADE TEEN MENSDOM

Transpirant 4:

“In u Naam het hierdie kerk die ergste denkbare misdade teen die mensdom gepleeg. Kruistogte is onderneem waartydens geplunder en massamoord gepleeg is. Deur die Inkwisisie is menigtes verslaaf, vervolgt en op die wreedste moontlike wyse vermoor.

Tot minder as ‘n dekade gelede het Suid Afrikaanse kerke saamgespan om ‘n volk te mislei om te glo dat apartheid in ooreenstemming met u wil is. In die grootste skeinheiligheid en met die nodige vrome maneuvreerdery is dieselfde kerk nou die grootste voorstander van menseregte en demokrasie.”

Die enigste punt waar die skrywer m.i meriete verdien, is op hierdie punt.

Die kerk (totale christelike kerk) het afskuwelike foute begaan in die geskiedenis:

- Kruistogte
- Heksejag
- Inkwisisie
- Aflaat
- Apartheid.

Daarom het die kerk al by verkskeie geleenthede bely dat hulle verkeerd was.

Daarom is bekering in die kerk ook altyd weer nodig.

In die geskiedenis moes die kerk al baie keer terugkom na die Here toe.

Maar wie is die kerk wat al hierdie “foute” gemaak het?

Is dit nie elkeen van ons nie?

Hoekom het die skrywer van hierdie brief nie sy stem dikgemaak toe apartheid in Suid Afrika goedgepraat is nie?

Hoekom het hy nie ‘n beswaarskrif geskryf nie.

Hoekom het hy nie toe sy brief in die koerant geskryf nie?

Miskien omdat hy self bevoordeel was deur die sisteem en daarom geswyg het oor apartheid?

En nou is hy een van die “boetmanne” wat deur regstellende aksie moet betaal vir die foute van die verlede?

En nou moes die kerk apartheid gekeer het?

Tussen al die foute deur is dit wonderlik om te sien hoe die kerk vandag besig is met...

...opheffingswerk

...versoeningswerk

...uitreik na alle mense in hierdie land

Miskien is die kerk hierin die skrywer van die brief ‘n tree of twee voor.

OOR APARTHEID

Dis nie waar dat die kerke saamgestaan het om apartheid goed te praat nie.

Dis die waar dat die kerke iewers agter toe deur bymekaargekom het en ooreengekom het om apartheid te bevorder nie..

Dis iets wat oor ‘n lang tyd ontwikkel het.

Dit was ‘n politieke sisteem.

Dit was 'n manier om die wêreld te orden.

Afsonderlike ontwikkeling of apartheid is as sodanig verkeerd nie.

Israel het ook "apartheid/afsonderlike ontwikkeling" beoefen toe hulle in die land ingetrek het.

Die sisteem as sodanig was nie verkeerd nie.

Ongelukkig het dit algaande gegroei tot 'n stelsel waarbinne mense letterlik gevangenes was.

Baie seergekry.

Baie dinge ontnem.

Baie onregverdige behandeling.

Selfs in die apartheidjare het die kerk steeds die boodskap van liefde vir alle mense verkondig.

God en die tiener (1974) "Nog groter as die vooroordeel tussen mense van verskillende nasionaliteite, is die vooroordeel tussen mense met verskillende velkleur..... En vra ook vir jouself af of jy die man en vrou van 'n ander ras met wie jy daagliks te doene kry, waarlik as gelykwaardige skepsels voor God sien." (P181)

Dis nie waar dat die kerk doelbewus apartheid goedgepraat of bevorder het nie.

In 1986 het die NG kerk die dokument "Kerk en Samelewing" uitgegee.

Baie lidmate verloor.

Nuwe kerk het ontstaan (APK)

Ons het duisende lidmate verloor.

So ernstig was die kerk om te sê dat ons 'n fout gemaak het - en dit wil regmaak.

Die vraag is: waarom het almal wat nou klippe gooi nie toe die kerk opgeroep tot verandering nie?

Waar was die Engelse kerke toe gewees?

Hoekom het die charismatiese kerke nie toe al hulle stem dik gemaak nie?

Waarom het die briefskrywer nie opgestaan teen die "liefdeloosheid" in die kerk nie.

Dis maklik om dit nou te doen.

5. KERK EN AMPSDRAERS IS HUIGELAGTIG

Transpirant 5:

"Die kerk en sy ampsdraers is huigelagtig. Sedigheid word vanaf die kansel af voorgehou, maar agteraf word al die sedes wat voorgehou word op die gruwelikste wyse oortree...."

"Dit is nie net in die Katolieke kerk waar kinders en nonne nie veilig kan voel nie. Ook wat betref die Afrikaanse kerke skemer die valsheid van ampsdraers deur."

In enige kerk sal daar mense wees wat nie ernstig is oor dit wat hulle doen nie.

Maar die groot meerderheid in elke gemeente wil regtig vir die Here leef en werk.

Daarom is hulle nie huigelaars nie.

Maar sondaars.

Mense wat in dieselfde versoekings kom as ander mense.

Mense wat in dieselfde moeilike omstandighede leef.

En dikwels maak ampsdraers ook foute.

Nie omdat hulle nie ernstig is oor hulle bediening nie.

Maar omdat hulle gewone mense is.

Soos Dawid was.

En wanneer hulle fouteer, is hulle nie trots daarop nie.

Gaan lees gerus Ps 51.

Meesal is hulle bitter-jammer daaroor.

Meesal leef hulle self ook in 'n worstelstryd met die Here.

Maar dis juis hieroor dat ons as kerk so vashou aan die Here se genade.

Die Bybel sê: Ons beste daad is met sonde bevlek.

As iemand (self 'n ampsdraer) beweer dat hy nie sonde het nie, mislei hy homself...

Ja, die kerk is nie 'n groep engele nie.

Ook nie mense wat sonder sonde is nie.

Dis juis sondaars - wat besef hoe nodig hulle die Here het.

En daarom behoort die skrywer van hierdie brief so tuis in die kerk te kan voel.

6. KERK IS KORRUP

Transpirant6:

“Die kerk is korrup. Gewapen met die alleenreg op die saligheid en die ewige lewe word onskuldige mense gemanipuleer en onderwerp.”

“Sonder die kerk kan jy nie gedoop word nie. Sonder die kerk kan jy nie aangeneem word nie. Sonder die kerk kan jy nie **nagmaal gebruik nie. Sonder die kerk kan jy nie **trou, kinders doop of **begrawe word nie. Om die kerk te verlaat is om weg te stap van U af!”

**LW: Jy kan we nagmaal gebruik, trou en begrawe word buite die kerk.

Wie het vir die kerk 'n spesiale rol in die wêreld gegee?

Die kerk self?

Die regerings?

Nee, Jesus Christus self

Mat 16: Jy is Petrus, en op hierdie Rots (belydenis) sal Ek my kerk bou.

Aan wie word die opdrag om te verkondig en te doop gegee?

Aan Petrus, die leier van die “kerk”.

Was dit nie Jesus self wat gebid het dat al Sy kinders “een” moet wees nie (Joh 17)?

Was dit nie Paulus wat gesê het: Die kerk is die “liggaam van Christus” (1 Kor 12)

Was dit nie Johannes wat al 7 briewe moes skryf aan die “gemeentes” van die Here nie?

Was dit nie Jesus self wat vir Petrus “die sleutels” vir die koninkryk van God gegee het nie?

God self het aan die kerk 'n belangrike plek gegee.

7. KERK IS WREED EN SONDER EMPATIE

Transpirant 7:

“Die kerk is wreed en sonder empatie teenoor die gemeenskap waarin dit geplaas is.”

“Geld word van die armes geneem in die naam van liefdadigheid en dankoffers vir U. Tog weet ons dat niks hiervan u bereik nie en dat bitter min daarvan by behoeftiges uitkom. Pleks daarvan word dit deel van die kontantvloei-state van gemeentes en vergoedingspakette vir ampsdraers.

Voorlesing uit Artikel: Beeld 22 Jan 2003 p9

*Aan die een kant kom 'n mens in die kritiek stereotypes teë wat nie meer geldig is nie. Die gedagte dat sinodes bestaan het uit ou omies met swart pakke en wit dasse is eenvoudig iets van die verlede. *Tweedens sou die kerk daarop kon wys dat baie van die aanklagte berus op 'n baie eensydige vertolking van die geskiedenis. Ja, daar was inkwiesies en daar is hekse verbrand, maar daar was ook mense soos Franciskus van Assisi. Die Rooms-Katolieke Kerk héét priester-pedofiele opgelewer, maar ook vir Moeder Teresa. Daar was kerke wat apartheid gesteun het, maar van die sterkste opposisie teen apartheid het ook van kerke gekom. 'n Mens sou die skuld van kolonialisme op die kerke se brood kon smeer, maar dan moet jy ook hoor hoe oudpres. Nelson Mandela kerke bedank vir die skole waarin hy en sy geslag hul eerste opleiding gekry het. * Maar derdens sou 'n mens na die kerke, spesifiek ook Afrikaanse kerke en kerkmense, kon kyk en vra wat doen hulle vandag in die samelewing. En 'n mens sou 'n stewige lys kon maak:

***Hartklop** sien byvoorbeeld om na 600 kinders, van wie baie vigswesies, in ouerlose huishoudings. Deur hul bemiddeling is nog 5 000 kinders in nege gemeenskappe in pleegsorg by mense in die gemeenskap geplaas. Dié organisasie is gestig en word gelei deur ds. Sunette Pienaar van die gemeente Skuilkrans-Pretoria. Hulle word ondersteun deur gemeentes en talle vrywillige Christene. Pienaar help gemeentes ook om selfstandig by vigsprojekte betrokke te raak.

***Studietrust** is 'n beursorganisasie wat dekades gelede deur Christene begin is om behoeftige studente met akademiese meriete te ondersteun. Verlede jaar is 426 studente in skole, universiteite en ander opleidingsinstellings sóó bygestaan. Studente uit alle bevolkingsgroepe kry beurse, maar ook morele steun, praktiese studieleiding en persoonlike aanmoediging. Dit verklaar die feit dat die slaagsyfer jaarliks by of oor die 90% is. Die nasionale direkteur is ds. Jan Hofmeyr en die geldelike steun kom van individue, kerke en uit die private sektor.

***Meetse-a-pula** is 'n jong projek wat deur ds. Jan Cronje van die NG gemeente Hartbeesspruit-Queenswood bedryf word. Daardeur word watertenks aan arm gemeenskappe sonder lopende water verskaf om afloopwater van byvoorbeeld skole se dakke op te vang.

Dit stel gemeenskappe in staat om self kos te kweek, maar ook ekonomies aktief te word. Die projek het in sy eerste jaar meer as 150 sulke tenks geplaas en volgens Cronjéé begin dit nou momentum kry.

*Die **Week van Oorvloed** het twee jaar gelede in Pretoria begin as 'n projek van kerke van verskeie denominasies. Dit vra lidmate om in die week van Pinkster enige bruikbare maar onbenutte item in hul huise kerk

toe te neem. Daarvandaan word dit dan besorg aan mense wat dit nodig het. Op dié manier is klere, meubels, huisraad, gereedskap en selfs motors met 'n totale waarde van miljoene rande van gegoede gemeenskappe na behoeftige mense versprei. In verskeie ander dorpe en stede het kerke dié model sedertdien begin volg.

*In die middestede van die land het verskeie kerklike bedienings tot stand gekom wat randfigure in die samelewing met raad en daad ondersteun. Dr. Stephan de Beer van Pretoria Community Ministries, een van die talle kerklike organisasies wat in die middestede werk, vertel dat hulle onder meer hawelose mense help, straatmeisies (van wie party by prostitusie betrokke geraak het) help rehabiliteer, laekoste-behuising help ontwikkel, betrokke is by werkskeppingsprogramme en dagsorgsentrums vir kleuters bedryf.

*Gemeentes oor die lengte en breedte van die land het verlede jaar saamgewerk aan **Projek Angola**. In dié aksie is honderde kilogram mieliemeel, kartondose vol klere, stapels kospakkies, 'n groot klomp tuinvurke, grawe en skoffels en duisende rande se groentesaad ingesamel om dié oorloggeteisterde buurland van Suid-Afrika na dekades van oorlog weer te help om op die been te kom.

*Die formele maatskaplike werk van die NG Kerk alleen het verlede jaar **R247 miljoen bedra**. Dit sluit in 107 tuistes vir bejaardes, 28 kinderhuise waarvan party omtrent net vigswesies huisves, en 387 maatskaplike werkers. Volgens dr. Dawie Theron van die NG Kerk se barmhartigheidsdiens het 'n oppervlakkige steekproef van die National Religious Association for Social Development getoon dat alle kerke se bydrae op die terrein van maatskaplike sorg jaarliks sowat R1 miljard beloop. Dan het 'n mens nog nie verwys na die pastorale werk wat dominees en priesters doen of na die duisende ontwikkelings-, opheffings- en versorgings-sprojekte waarby die gemeentes van verskillende kerke betrokke is nie.

Is dit genoeg om die kerke se bestaan te regverdig? Self sal die kerke sê nee. Dit word alles uit dankbaarheid en liefde gedoen. Hul enigste regverdiging kom uit die genade van God en op grond van die dood en opstanding van Jesus Christus.

SLOT

Transpirant 8:

“Soos wat nuwe feite oor u skepping en die geskiedenis bekend word, begin dit egter deurskemer dat ons mislei is. Die een wat deurgaans teen valse leerstellings gewaarsku het, blyk nou die false profeet te wees. Die een wat Christus as u Seun verkondig, blyk nou die antichris te wees.”

“God, as dit u wil is, of as dit moontlik is om u wil te wysig om hierby aan te pas, roep die kerk tot vergelding en verdelg elke ampsdraer wat in oneerlikheid voortgaan om u naam te misbruik.”

Kerk die false profeet / antichris?

Hieroor moet elke mense self besluit.

Het al die miljoene christene voor my my doelbewus mislei?

Wou Paulus (toe hy sy briewe aan die gemeentes skryf) hulle mislei?

OPSOMMING:

Ek het aanvanklik gesê hierdie brief is nie 'n brief aan God nie, maar aan die kerk.

Terwyl ek deur die artikel werk, het ek besef dit is nie net 'n brief aan die kerk nie, maar 'n aanklag teen die kerk van alle tye.

Hierby ingesluit alle Bybelskrywers en Radaktors.

Na alles wil ek egter tot die konklusie kom dat dit wel 'n brief aan God is.

Dat dit nie soseer 'n aanklag teen die kerk is nie, maar teen God self.

Van iemand wat (om watter rede ookal) verbitterd is teenoor God.

Iemand wat sukkel om te aanvaar dat God soewerein is.

Iemand wat probeer om met 'n klein menslike verstand vir God te verklaar.

Iemand wat vir God dringend nodig het.